

## “Nadink oor die wonderdade van God”

Een van die wonderlikste dinge in 'n mens se lewe is om stil te kan word en na te dink oor die wonderdade van God. Ons sien daardie wonderdade in só baie dinge om ons raak. Dink maar net aan die skepping ... aan die wonder van kerk-wees ... aan die onverdiende genade van God. God se wonderhand doen wonderdade.

In Job 37 maak Job se een vriend, Elihu, 'n moedelose Job ook attent op die wonderdade van God. Job is gedurig besig om soveel lewensvrae te vra. Maar hy beleef, soos ons ook maar, dat elke mense-antwoord op elke lewensvraag steeds mank gaan aan insig en waarheid ... nóóit kan géén mens se antwoord finaal wees nie. Elke menslike antwoord is eintlik maar insigloos, tydgebonde en vol gebreke. Daarom is ook Job se drie vriende se antwoorde op sý lewensvrae gebrekkig. Deur die insig van die Heilige Gees beveel Elihu in Job 37 Job aan om sy antwoorde te soek in die wonderdade van God.

En só maklik lyk God se werke en dade nie na wonders nie. Want wíé verstaan altyd wat die Here doen en hoekom Hy dit doen? (kyk vs 5b). Maar agter alles, so leer die Bybel ons op talle plekke, laat God alles ten goede meewerk vir dié wat Hy liefhet. Sy stem weerklink oor die hele aarde.

Die grootste wonderdaad van God was toe Hy Jesus Christus gestuur het na hierdie wêreld ... Hom laat ly en laat sterf het ... vir jóú sonde. En as God dan vandag in jou lewe ingryp deur 'n storm van pyn of hartseer ... van siekte of dood ... van nood of angs ... weet dan dat jy alleen maar staan voor die heilige aangesig voor die wonderdade van 'n Almagtige God!! Jou lewe word omring deur onbegryplike Goddelike wonderdade. In alles wat daarom in die lewe gebeur het ek en jy te doen met die wonderdade van ons hemelse Vader. Daarvoor dank ons God elke dag!

Sing: Psalm 4:3 (1936)

Ds NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)